

16.13 RAPPORT 7 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – AUSTRALASIË – AUSTRALIË

16.13 REPORT 7 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – AUSTRALASIA – AUSTRALIA

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds ASA de Bruyn (s), Proff HG Stoker en IW Ferreira

Deputies responsible for the desk: Rev ASA de Bruyn (c), Proff HG Stoker and IW Ferreira

<p>1. Christian Reformed Churches of Australia (CRCA) Eenheid</p> <p>1.1 <i>Opdrag</i></p> <p>1.1.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die eenheid tussen die GKSA en die CRCA en die samewerking wat daaruit voortvloei.</p> <p>1.1.2 Dat die eenheid tussen die GKSA en die CRCA herbevestig en uitgebou word.</p> <p>1.1.3 Dat met hartseer kennis geneem word van die ICRC se besluit om die CRCA nie as lid toe te laat nie.</p> <p>1.1.4 Dat moeite gedoen word om die kerke van die CRCA by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>1.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>1.2.1 Ds ASA de Bruyn en prof PP Krüger woon die Sinode wat gehou is van 17-22 Mei 2015 te Gosnells in Perth by en ds De Bruyn dra groete namens die GKSA oor.</p> <p>1.2.2 Prof PP Krüger het tydens die Sinode met drr Murray Capill en Phillip Scheepers van die RTC (Reformed Theological College) samesprekings gevoer oor die moontlikheid dat daar nouer bande en selfs uitwisseling per geleentheid van dosente tussen die RTC aan die een kant en die TSP en/of Fakulteit Teologie van die NWU aan die ander kant gevestig kan word.</p> <p>1.2.3 In die Sinode is Rapportte hanteer van die GROW en TRAIN werkgroepe wie se opdrag dit is om die kerkverband te bedien met toerusting om gesonde kerke te laat groei. In die laaste paar jaar was die kerke betrokke by 10 kerkplantings. Daar word ook moeite</p>	<p>1. Christian Reformed Churches of Australia (CRCA) Unity</p> <p>1.1 <i>Introduction</i></p> <p>1.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the unity between the GKSA and the CRCA and the resultant cooperation.</p> <p>1.1.2 The unity between the GKSA and the CRCA is to be reconfirmed and fostered.</p> <p>1.1.3 It should be noted that unfortunately the ICRC refused the CRCA membership.</p> <p>1.1.4 Effort must be made to support the churches of the CRCA in seeking out and drawing in South African immigrants – especially those of the Reformed persuasion.</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>1.2 <i>Execution of mandate</i></p> <p>1.2.1 Rev ASA de Bruyn and Prof PP Krüger attended the Synod held from 17-22 May 2015 at Gosnells in Perth and Rev De Bruyn extended the GKSA's greetings.</p> <p>1.2.2 Prof PP Krüger discussed with drr Murray Capill and Phillip Scheepers, of the RTC, (Reformed Theological College) the possibility of establishing closer ties and even arranging opportunities for lecturer exchange between the RTC and the TSP and/or Faculty of Theology of the NWU.</p> <p>1.2.3 The Synod reviewed Reports of the GROW and TRAIN workgroups that are tasked with providing the denomination with the tools for healthy church growth. The church has been involved in ten church plants the past few years and great effort is made with</p>
--	--

<p>gedoen met die opneem van Suid-Afrikaanse immigrante in die CRCA kerke.</p> <p>1.2.4 Die Sinode van die CRCA besluit dat hulle Komitee vir ekumeniese verhoudings, sowel as die TRAIN en GROW werkgroepe die opdrag ontvang om beskikbaar te wees en om rapporte, bronne en insigte wat hulle bekom het te deel en te kommunikeer aan die GKSA se Deputate vir Kerkgroei.</p> <p>1.2.5 Die Sinode van die CRCA het kennis geneem van die nood in Suid-Soedan en het aanbeveel dat plaaslike gemeentes wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Soedan sou wou bystaan, dit moet doen via die GKSA netwerke.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>1.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i></p> <p>1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en CRCA.</p> <p>1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> <p>1.3.3 Dat kennis geneem word van die moontlikheid van nouer skakeling tussen die RTC en die TSP en/of die Fakulteit Teologie van die NWU.</p> <p>1.3.4 Dat kennis geneem word van die beskikbaarheid van rapporte, bronne en insigte van die TRAIN en GROW werkgroepe.</p> <p>1.3.5 Dat moeite gedoen word om die kerke van die CRCA by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.</p> <p>2. Presbyterian Church Australië (PCAus) Ekumeniese eenheid</p> <p>2.1 <i>Opdrag</i></p> <p>2.1.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die eenheid tussen die GKSA en die PCAus.</p> <p>2.1.2 Dat die samewerking tussen die GKSA en die PCAus uitgebou word.</p> <p>2.1.3 Dat moeite gedoen word om die</p>	<p>welcoming South African immigrants into CRCA churches.</p> <p>1.2.4 The Synod of the CRCA decided to instruct their Committee for ecumenical relations as well as the TRAIN and GROW workgroups to be accessible and share reports, sources and insights with the GKSA's Deputies: Church Growth.</p> <p>1.2.5 The Synod of the CRCA took note of the need in South Sudan and recommended that local congregations who wish to support the Reformed churches in South Sudan do so via the GKSA networks.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>1.3 <i>Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)</i></p> <p>1.3.1 Note is taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and CRCA.</p> <p>1.3.2 Unity be maintained and fostered, by means of <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation at a practical level.</p> <p>1.3.3 Note is taken of the possibility of closer ties between the RTC and TSP and/or the Faculty of Theology of the NWU.</p> <p>1.3.4 Note is taken of the availability of reports, sources and insights from the TRAIN and GROW workgroups.</p> <p>1.3.5 Effort be made to support the CRCA churches with seeking out and drawing in South African immigrants – especially those of the Reformed persuasion.</p> <p>2. Presbyterian Church Australia (PCAus) Ecumenical unity</p> <p>2.1 <i>Mandate</i></p> <p>2.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the unity between the GKSA and the PCAus.</p> <p>2.1.2 The cooperation between the GKSA and the PCAus is to be fostered.</p> <p>2.1.3 Effort must be made to support the</p>
---	--

<p>kerke van die PCAus by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>2.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>2.2.1 Tydens die besoek in Mei 2015 aan die Sinode van die CRCA in Perth kon ds ASA de Bruyn en prof PP Krüger 'n goeie gesprek voer met Rev Stuart Bonnington van die PCAus.</p> <p>2.2.2 Dr PJ Buys was deur die Deputate versoek om ons daar te verteenwoordig tydens sy besoek aan hulle.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>2.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i></p> <p>2.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en PCAus</p> <p>2.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> <p>2.3.3 Dat moeite gedoen word om die kerke van die PCAus by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van die oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.</p>	<p>churches of the PCAus in seeking out and drawing in South African immigrants – especially those of the Reformed persuasion.</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>2.2 <i>Execution of the mandate</i></p> <p>2.2.1 Upon attending the Synod of the CRCA in Perth in May 2015, Rev ASA de Bruyn and Prof PP Krüger had a good discussion with Rev Stuart Bonnington of the PCAus.</p> <p>2.2.2 Dr PJ Buys was requested by the Deputies to represent us during his visit with them.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>2.3 <i>Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)</i></p> <p>2.3.1 Note is taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and PCAus.</p> <p>2.3.2 Unity be maintained and fostered, by means of <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation at a practical level.</p> <p>2.3.3 Effort be made to support the PCAus with seeking out and drawing in South African immigrants – especially those of the Reformed persuasion.</p>
<p>3. Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA) Ekumeniese kontak</p> <p>3.1 <i>Opdrag</i></p> <p>3.1.1 Dat Ekumeniese bande met die GEKA bewerkstellig word, met die moontlikheid om te groei tot Ekumeniese eenheid.</p> <p>3.1.2 Dat moeite gedoen word om die kerke van die GEKA by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van Gereformeerde Belydenis.</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>3.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>3.2.1 Ds ASA de Bruyn en prof PP Krüger het tydens hulle besoek in Mei 2015 aan die Sinode van die CRCA in Perth, saam met afgevaardigdes van die NGK en NH kerk 'n gesprek gehad met predikante van die GEKA.</p> <p>3.2.2 Die GEKA se bediening is hoofsaaklik</p>	<p>3. Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA) Ecumenical contact</p> <p>3.1 <i>Opdrag</i></p> <p>3.1.1 Ecumenical ties with the GEKA is to be established, with the possibility of growing towards ecumenical unity.</p> <p>3.1.2 Effort must be made to support the churches of the GEKA in seeking out and drawing in South African immigrants – especially those of the Reformed persuasion.</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>3.2 <i>Execution of mandate</i></p> <p>3.2.1 Rev ASA de Bruyn and Prof PP Krüger met, together with delegates of the NGK and NHK, with ministers of the GEKA during their visit in May 2015.</p> <p>3.2.2 The GEKA's ministry is mainly in</p>

<p>in Afrikaans, maar hulle besef ook dat hulle ter wille van hulle kinders en jongmense wat in Australië grootword en met die oog op die toekoms, eredienste in Engels sal moet begin hou.</p> <p>3.2.3 Groeteboodskappe deur ds ASA de Bruyn is per e-pos gestuur aan die Algemene jaarvergadering van die GEKA in Augustus 2015 en ook in Augustus 2016.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>3.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i></p> <p>3.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese kontak tussen die GKSA en GEKA.</p> <p>3.3.2 Dat die kontak onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> <p>3.3.3 Dat moeite gedoen word om die kerke van die GEKA by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud Suid-Afrikaners – veral die van die Gereformeerde Belydenis.</p>	<p>Afrikaans, but they do realise that for the sake of their children and the youth growing up in Australia they will have to start offering services in English in future.</p> <p>3.2.3 Rev ASA de Bruyn sent greetings, via e-mail, to the General annual meetings of the GEKA in August 2015 and in August 2016.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>3.3 <i>Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)</i></p> <p>3.3.1 Note is taken, with thanks, of the existing ecumenical contact between the GKSA and GEKA.</p> <p>3.3.2 Contact be maintained and fostered, by means of <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation at a practical level.</p> <p>3.3.3 Effort be made to support the GEKA with seeking out and drawing in South African immigrants – especially those of the Reformed persuasion.</p>
---	--

Rapporteur: Ds HS Coetzee

Reporter: Rev HS Coetzee